# Hoofstuk van die dag: 2 Timoteus 2

> *Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrae inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak. (vers 23)*

Ek was op ’n stadium redelik ywerig om my geloofstandpunte in facebook-debatte te verdedig, in die waan dat ek daarmee die evangelie tydig en ontydig verkondig. Later het ek besef dat dit sinneloos is. Niemand het nog ooit tot bekering gekom omdat hy ’n argument verloor het nie. Ek is net van ’n kant af beledig en selfs warmplek toe gestuur. Toe onthou ek wat Jesus gesê het in Matt 7:6: “Moenie julle pêrels voor die varke gooi nie.”
Dit geld vir enige sosiale media debat; ook vir die snedige opmerkings onder-aan koerantartikels. Jy moet dit nie antwoord nie, en verkieslik ook nie lees nie. Dit dien geen doel nie, behalwe dat dit jou jou vrede kos. Jou getuienis moet veral deur jou lewe wees, nie deur argumente en ’n gestryery nie. Dit is teenoor gelowiges wat anders as jy dink, én teenoor ongelowiges. Uiteindelik is dit nie ons stryery wat mense by God uitbring nie; net God kan mense bekeer. Daarom moet ons gesprekke vriendelik, beskeie en hoopvol wees (vers 25; kyk ook na Ef 4:2). Die res kan ons met vrede in God se hande laat.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026